

# Huldigingswoord

**Johan Buitendag**

**(Voorsitter: HTS redaksie)**

**Adjunk-dekaan: Fakulteit Teologie**

**Universiteit van Pretoria**

Dit is soos die tipies spreekwoordelike “met gemengde gevoelens” dat ons *Andries Breytenbach* in hierdie uitgawe in die voorgrond plaas: enersyds omdat ons die Heer van die kerk dankbaar is dat Andries ’n baie geseënde loopbaan in die akademie aan die Universiteit van Pretoria formeel na 36 jaar kon afsluit en andersyds omdat dit reeds nou, eintlik vir ons almal ongemaklik gou, plaasvind en die ideaal van 40 diensjare by een werkgewer, hom dus nie te beurt geval het nie. Op 31 Maart 2004 het Andries op sestigjarige ouderdom formeel uit diens van die Universiteit van Pretoria getree. In sy *curriculum vitae* kan sy lewensloop gevolg word en derhalwe volstaan ek met die opmerking dat, alhoewel hy amptelik nie meer in diens van die Universiteit is nie, hy nietemin nog ’n bekende in die gange van die Fakulteit Teologie sal wees aangesien hy steeds voortgaan met die Bybelgenootskap se vertalingsprojek in IsiNdebele.

Andries is ’n uiters veelsydige persoon. Die twee kenmerke van hom wat ’n mens dadelik opval, is sy intellek en sy vertelvaardigheid. Hierdie kombinasie het gevolglik ook ’n besondere suksesvolle dosent van hom gemaak en hy kon sy studente en predikante deurgaans inspireer en meevoer met sy verhaal. Dit, tesame met sy innige geloof, het ook die gawe van onderskeiding by hom duidelik laat blyk. Tydens ’n Algemene Kommissie vergadering byvoorbeeld, het prof Theuns Dreyer by geleentheid gesê dat Andries altyd reggekry het om die moeilikste kwessies te hanteer – en dit hoofsaaklik vanuit die Ou Testament! Hy het die Ou Testament laat lewe. Geen wonder dat een van sy mees gesiteerde artikels juis die een oor die narratiewe in die Ou Testament is nie (HTS 53/4).

Ek wil waag om te sê dat Andries se ander liefde in die teologie die Sistematiese Teologie is. Daarvan getuig byvoorbeeld veral sy artikels oor Skrifbeskouing en oor die ekklesiologie. Die laaste aantal jare het hy hom graag deur die teologie van Dietrich Bonhoeffer laat bedien en het laasgenoemde se gedagte van kruisdissipelskap Andries diep aangegryp. Die eksistensiële dimensies wat vandag in die Nederduitsch Hervormde Kerk se Kerkorde aangetref word, veral die dienskarakter van die ampte, is grootliks aan sy invloed toe te skryf.

Die Redaksie – en so ook die Fakulteit – se beste wense vergesel Andries op sy lewenspad en ons bid hom en sy vrou Christa ’n baie geseënde en gesonde aftrede toe.

Ons gun hom dat sy stokperdjie nou sy werk geword het!

# **Curriculum Vitae: Andries Petrus Bernardus Breytenbach**

## **Skoolopleiding**

Matrikuleer 1962 aan die Hoërskool Hoogenhout, Bethal.

## **Universiteitsopleiding**

Behaal aan die Universiteit van Pretoria die volgende grade:

1965. BA

1968. BD

1969. BA Hons (Semitiese Tale)

1979. DD in die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap (Afdeling A) met 'n proefskrif getiteld: Die verband tussen en die ontwikkeling in die profetiese uitsprake in die boek Hosea.

## **Gemeentes bedien in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika**

1969-1973. Elandspoort.

## **Lid van kerklike organisasies, kommissies en rade**

- Kommissie van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk (vise-voorsitter).
- Kuratorium vir die Teologiese Opleiding (adviserende lid).
- Raad vir Bybelvertaling (lid).
- Psalmberymingskommissie (voorsitter).
- Gesanghersieningskommissie (ondervoorsitter van die breë kerklike kommissie).
- Visie-voorsitter van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering
- Vanaf 1991 tot 1993 voorsitter van die Tussenkerklike Kommissie (die amptelike onderhandelingsgroep van die drie susterkerke).
- Lei die Nederduitsch Hervormde afvaardigings van die Psalmberymings- en Gesanghersieningskommissies ('n projek van vyf verskillende kerkgenootskappe).
- Neem vanuit Nederduitsch Hervormde geledere die leiding in onderhandelings vir die stigting in 1997 van 'n gemeente vir lidmate van al die Afrikaanssprekende kerke in die Noorde van Zambië.

### **Lidmaatskap van akademiese vakverenigings**

- Ou-Testamentiese Werkgemeenskap in Suider-Afrika.
- Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Bybelkunde.
- Hervormde Teologiese Vereniging.
- Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
- Suider-Afrikaanse Vereniging vir Semitistiek.

### **Akademiese en verwante terreine**

- Kurrikulumkomitee Fakulteit Teologie (Afd A).
- Redaksie *Hervormde Teologiese Studies*.

### **Internasionale konferensies en seminare bygewoon**

- Combined conference of the OTSSA and OTW
- Society of Biblical Literature (Cape Town)
- International Organization for the Study of the Old Testament (Switzerland)

### **Doseerloopbaan**

#### **Universiteit van Pretoria:**

- 1968.02.01 – 1971.06.30. Deeltydse dosent, Departement van Semitiese Tale, Universiteit van Pretoria.
- 1971.07.01 – 1973.12.31. Heeltydse lektor, Departement van Semitiese Tale, Universiteit van Pretoria.
- 1974.01.01 – 1980.06.30. Senior lektor, Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria.
- 1980.07.01 – 1992.01.31. Mede-professor, Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria.
- Professor en hoof, Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap, Universiteit van Pretoria.
- Adjunk-dekaan, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

#### **Hervormde Teologiese Opleiding te Hammanskraal:**

- 1986.02.01 – 1992.01.30. Deeltydse dosent, Departement van Ou-Testamentiese Wetenskap.

#### **Bybelgenootskap van Suid Afrika:**

- 1999.01.01 – 2004. Konsultant, IsiNdebele Vertalingsprojek.

### **Studieleiding**

- Studieleier by 3 doktorale proefskrifte (W C van Wyk, L C Bezuidenhout, G Lindeque).

### **Wetenskaplike navorsing en publikasies**

#### **Artikels in geakkrediteerde tydskrifte**

1971. The connection between the concepts of darkness and drought as well as light and vegetation. *De fructu oris sui*. Leiden. (Pretoria Oriental Series.)
1971. Die tipologie as 'n metode van uitleg van die Ou Testament. *HTS* 28(1), 17-21.
1983. Die boodskap van die boek Jona. *HTS* 39, 135-140.
1984. Eksegese in die praktyk. *HTS* 40(1), 36-51.
1984. Verbond en verbondstekens in die Ou Testament: 'n Terreinverkenning. *HTS* 40(3), 4-13.
1985. Hosea 12:1-14. *HTS* 41(2), 197-207.
1987. Tradisie en gesag in die teologie. *HTS* 43(1&2), 232-241.
1987. Die redaksionele geskiedenis van die boek Hosea. *HTS* 43(4), 732-740.
1989. Enkele aspekte van Skrifbeskouing. *HTS* 45(2), 328-334.
1991. (& Lindeque, G C) 'n Vertelkundige ontleding van Psalm 105 met besondere verwysing na die funksie van vertelde ruimte. *HTS* 47(2), 415-430.
1992. Egge Simon Mulder, hoogleraar 1956-1970. *HTS* 48(1 & 2), 101-112.
1992. Pentateugtradisies in die boek Hosea. *HTS* 48(3 & 4), 645-662.
1994. Lukas 2:14 vanuit 'n Joods-Christelike perpektief. *HTS* 50(1 & 2), 272-280.
1994. (& Marnewick, J C) Die boek Job gelees vanuit 'n Ou-Testamentiese verbondsperspektief. *HTS* 50(4), 923-935.
1995. (& Basson, M M J) 'n Ondersoek na die teologiese relevansie van die metaforiese spreke in Hooglied. *HTS* 51(2), 438-453.
1995. Nadenke oor die kerkbegrip: Enkele perspektiewe op grond van die Deuteronomistiese geskiedenis. *HTS* 51(3), 702-711.
1995. (& Beyers, J) 'n Vergelykende studie tussen 'n gedeelte uit die Samaritaanse Liturgie en verwante gedeeltes in die Pentateug. *HTS* 51(4), 900-930.
1996. Die gebruik van die Ou Testament in die begroning van die kerk se kultuurtaak – 'n hermeneutiese probleem. *HTS* 52(4), 693-714.
1997. Die herfsfees en die Koningsrite by Bet-El as interteks van Amos 7:10-8:14 en Hosea 9:1-9. *HTS* 53(3), 513-528.

1997. Meesternarratiewe, kontranarratiewe en kanonisering: 'n Perspektief op sommige profetiese geskrifte. *HTS* 53(4), 1161-1186.
1998. "Seun van Josef" uit 'n Noord-Israelitiese perspektief. *OTE* 11(3), 415-426
1998. Moses versus die Messias: 'n Samaritaanse tradisie. *Skrif en Kerk* 19(3), 534-543.
1999. (& Beyers, J) Die selfverstaan van die Samaritane soos dit uitdrukking vind in die feesliturgie. *HTS* 55(1), 152-175.
2000. (& Hertzog, C E C) Die rol van die Ou Testament in die ordening van die samelewing by AA van Ruler. *HTS* 56(4), 1254-1285.
2000. Belydenisvorming as kanonisering van geloofsoortuigings. *HTS* 56(2&3), 377-390.
2001. Monoteïsme en geweld: 'n Perspektief op die standpunt van J Assmann. *HTS* 57(1&2), 447-457.
2001. (& Van Wyk, W C) The nature of the conflict in Ezra-Nehemiah. *HTS* 57(3&4), 1254-1263.
2001. (& Stoltz, G P J) Genesis 14 - 'n redaksie-kritiese ondersoek. *HTS* 57(3&4), 1312-1343.
2001. Die letterlike vertolking van metaforiese taal in Josua 10:12-14. *HTS* 58(4), 1337-1355.
2002. (& Lindeque, G C) Die boek Josua gelees teen 'n na-eksiliese agtergrond. *HTS* 58(4), 1761-1794.
2002. (& Viljoen, D A) Genesis 38 binne die Josefverhaal: 'n Literêre-sosiologiese perspektief. *HTS* 58(4), 1795-1827.

### **Bydraes in boeke en bundels**

1983. Medevertaler: *Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling*. "Levitikus" in *Die Bybel met Verklarende Aantekeninge*.
1998. "Levitikus" en "Hosea", in *Verwysingsbybel: 1983-vertaling*. Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
1999. Ontwikkelings en verskuiwings in ons teologie, in Van Wyk, D J C (red), *20ste eeu Hervormde Teologie*, 171-182. Pretoria: SENTIK.
2000. Who is behind the Samuel Narrative? in J C de Moor & H van Rooy (eds), *Past, present, future: The Deutoronomistic history & the Prophets*, 50-61. Brill, Leiden.

### **Populêr-wetenskaplike bydraes**

1978. (Medeskrywer) *Bybelkunde St 8*. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.
1984. *Leer hulle - 8: Lesse vir vyftien-sestienjarige kategete*, onder redaksie van Beukes M J du P. Pretoria: KITAL.

**Curriculum Vitae: A P B Breytenbach**

1984. *Met hart en hand - 8: Werkboek vir vyftien-sestienjarige katekisante*, onder redaksie van Beukes M J du P. Pretoria: KITAL.
1986. *Leer hulle – 2: Lesse vir nege-tienjarige kategeese*, onder redaksie van Beukes M J du P. Pretoria: KITAL.
1986. *Met hart en hand – 2: Werkboek vir nege-tienjarige katekisante*, onder redaksie van Beukes, M J du P. Pretoria KITAL.
1986. *Leer hulle – 4: Lesse vir elf-twaalfjarige kategeese*, onder redaksie van Beukes, M J du P. Pretoria KITAL.
1986. *Met hart en hand – 4: Werkboeke vir elf-twaalfjarige katekisante*, onder redaksie van Beukes, M J du P. Pretoria KITAL..
1986. *Leer hulle – 5: Lesse vir twaalf-dertienjarige kategeese*, onder redaksie van Beukes, M J du P. Pretoria KITAL.
1986. *Met hart en hand - 5: Werkboeke vir twaalf-dertienjarige katekisante*, onder redaksie van Beukes MJ du P. Pretoria: KITAL..
1986. *Leer hulle – 7: Lesse vir veertien-vyftienjarige kategeese*, onder redaksie van Beukes, M J du P. Pretoria KITAL.
1986. *Met hart en hand – 7: Werkboeke vir veertien-vyftienjarige katekisante*, onder redaksie van Beukes M J du P. Pretoria: KITAL.
1986. *Met my hele hart – Kategetehandboek vir leergestemdes*. Pretoria: KITAL.
1986. *Met my hele hart – Kategeesehandboek vir leergestemdes*. Pretoria: KITAL.